

Word witmense twee keer gebore?

“Dink jy wit mense word twee keer gebore?” vra ’n huismaat my vroeër die jaar.

“Hoe bedoel jy nou?” vra ek, effens verbaas.

Haar antwoord: “Een keer aan die begin van hul lewens en een keer wanneer hulle bewus word van hul voorregte.”

Sou die vraag in ’n anderfase van my lewe oor my pad gekom het, sou ek waarskynlik diep seergemaak gevoel het oor die aannname dat mense uit verskillende rassegroeppe enigsins verskil. Danksy ’n oormaat reënboognasie-propaganda wat as die werklikheid deur lewensoriënteringsonderwysers aan my opgedis is, hetek student geword met geen idee dat my velkleur my bo-aan ’n korrupte hiérargie plaas nie.

As eerstejaarstudent het ek skepties geluister hoe swart en bruin studente praat oor die rassisme wat hulle tydens interaksies met manskoshuise ervaar. Ek het self dié “skakels” verpes weens my indruk dat dit net ’n geleentheid was vir ouens om blou-oog meisies te jag. My aanvanklike interpretasie dat studente wat kla oor rassisme té selfgesentreerd is oor die ongemak by skakels, was dus eintlik ’n beduidende ironie, want ek het my eie klagtes gehad.

In my tweedejaar het *Open Stellenbosch* sy stem begin dik maak oor die negatiewe impak wat wit heerskappy, volgens dié studente inherent aan Afrikaans, op swart studente se welstand het. Ek was uit die veld geslaan. Toe die diskloers op kampus al hoe meer kritisies oor die oorheersende “apartheidskultuur” op kampus word, hetek gegryp na voorbeeld van verhoudings oor die kleurgrens en swart huiskomiteelede – om my gewete te sus. Ek onthou my frustrasie met die feit dat ek en my gunstelingtaal summier met Verwoerd en sy trawante vereenselwig is.

Aan die einde van my derdejaar het die #FeesMustFall-beweging op Stellenbosch vlamgevat. Ek was deel van die optogte, maar later het ek gewonder hoeveel van my entoesiasme uit skuldgevoel gespruit het. Tog het ek in daardie tydperk geleer dat hierdie beweging nie jong, wit Suid-Afrikaners wou laat skuldig voel nie.

Dit was eerder ’n kans vir die stemme wat voorheen onderdruk is, om nou ’n spreekbeurt te kry. My rol is nou om te luister, sonder om my eie ongemak met die konfrontasie van my voorregte, hul probleem te maak.

So ek onthou my “tweede geboorte” baie goed: die ongemaklike en stelselmatige bewuswording dat die ontkenning van verskille tussen rasse die meerderheid van die land se probleme as’t ware uitvee.

As aspirant-joernalis is dit tot my voordeel dat ek die diskloers probeer verstaan, sodat ek mense se storie met deernis kan weergee. Tog sal ek daarteen moet waak om nie te oorkompenseer nie, en feite te verbloem onder die vaandel van politieke korrektheid nie.

Ek besef ook dat ek hierdie jaar baie versigtig is om my mening te lug, want ek is oorbewus van hoe dit geïnterpreteer kan word binne die politieke klimaat op kampus.

Hierdie amperse selfsensuur veroorsaak dat ek soms tegelykertyd apadies teenoor sekere kwessies optree. Binne ’n joernalistiese konteks kan só ’n ingesteldheid die geloofwaardigheid van my beriggewing beïnvloed. Oorsensitiwiteit sal ook verhinder dat ek ’n eie stem ontwikkel.

Maar dis dalk deel van die hergeboorte-proses: ’n Herontwaking van nuwe moontlikhede.

► *Joan van Dyk (22) is ’n joernalistiekstudent aan Universiteit Stellenbosch.*

